'n INTERESSANTE verskeidenheidsprogram ten bate van die Volksruimte in Kaapstad word op 5 April in dié teater aangebied. Daar is onder meer ballet, sang en 'n modevertoning op die program. Die Kaapstadse ontwerper Errol Arendz het spesiaal 'n rok ontwerp vir die sangeres Mimi Coertse, wat vier sangnommers sal lewer. Die vertoning begin die aand om 20h30. Die kaartjies kos R25 per persoon en daarvoor kry jy ook 'n jaar se gratis toegang tot die teater. Verversings sal aangebied word. Die kaartjies is beskikbaar by Loïs Lan, ☎ 77-3924.

REGS: Errol Arendz maak 'n paar verstellings aan die rok wat hy vir Mimi Coertse vir die verskeidenheidsprogram in die Volksruimte ontwerp het. Die rok van sy-Jerseystof is met goudkleurige omboorsels versier. BO is 'n skets van die rok.